**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: 723/2005

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>SAMEUL MAFETHE MOKOENA</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** VAN DER MERWE R *et* C.J. MUSI R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** C.J. MUSI R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 18 AUGUSTUS 2005

---

[1] Hierdie is 'n outomatiese hersiening in terme van artikel 302(1)(a)(i) gelees met artikel 304 van die Strafproseswet, 51 van 1977.

[2] Die beskuldigde is deur die landdros Virginia skuldig bevind aan oortreding van artikel 5(b) van Wet 140 van 1992 deurdat hy met 0,7234 kilogram dagga handel gedryf het

en as volg gevonnis: "Beboet R600,00 of 6 maande gevangenisstraf in die geheel opgeskort vir 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan (die) oortreding van artikel 4(b) of 5(b) van Wet 140/1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie."

[3] Aangesien ek van mening was dat die verrigtinge nie ooreenkomstig die reg geskied het nie, het ek die volgende navraag aan die landdros gerig:

"1. Is die opgelegde vonnis 'n bevoegde vonnis? Sien artikel 13(f) gelees met artikel 17(e)van Wet 140/1992.

2. Is die dagga aan die staat verbeurd verklaar? Sien artikel 25 van bogenoemde Wet"

[4] Wat die tweede vraag betref noem die landdros dat dit bloot net 'n oorsig aan sy kant is en spreek sy spyt daaroor uit.

[5] Wat die eerste vraag betref lewer die landdros as gevolg kommentaar: "Na 'n bestudering van die gesag rondom

hierdie aspek is (die) ek nou van mening dat die vonnis nie 'n bevoegde vonnis is nie. In die saak **S v MOSOLOTSANE** 1993(1) SASV 502(o) op bladsy 503 paragrawe e – f het Sy Edele Regter Wright verwys na die beslissing van Claasen Wnr in die **S v NXUMALO** 1992 (2) SACR 768 (o) en bevind dat:

> "Dit word deur Claasen Wnr belemtoon dat die boete wat opgelê word, opgelê word as 'n alternatiewe vonnis saam met, en nie bloot in die alternatief tot gevangenisstraf nie. Anders gestel, daar moet gevangenisstraf opgelê word tensy dit direkte gevangenisstraf of opgeskorte gevangenisstraf is, en daarbenewens kan 'n boete (waartoe daar ook in die alternatief gevangenisstraf moet wees) opgelê word."

Verder in pargagraaf (g) stel Sy Edele Regter Wright die benadering as volg:

> "Dit is irrelevant of daar eers verwys word na die deel van die gevangenisstraf of na die boete (met sy alternatiewe gevangenisstraf). Die belangrike aspek wat beklemtoon moet word, is dat die oplegging van bloot 'n boete met die alternatief daartoe gevangenisstraf, nie 'n bevoegde vonnis is nie."

Die landdros se toegewing strook met die regsposisie soos hierbo deur hom uiteengesit. Dit is derhalwe duidelik dat die vonnis ‘n onbevoegde vonnis is.

[6] Die landdros verskaf sinvolle redes waarom hy van mening is dat:

> gfn Vonnis wat die beskuldigde sal toelaat om buite die gevangenis te rehabiliteer ‘n gepaste vonnis sal wees.”

Die landdros se siening strook egter nie met sy optrede nie. Die beskuldigde het nie die boete betaal nie en moet derhalwe die alternatiewe 6 maande gevangenisstraf uitdien. Die landdros het sy eie lofwaardige siening gepootjie deur nie by die beskuldigde – in weerwil van sy plig – te verneem of hy ‘n uitstelboete kan betaal nie. Dit moes vir die landdros duidelik gewees het dat die beskuldigde nie die boete sal kan betaal nie want ter versagting van vonnis het die beskuldigde genoem dat hy nie oor fondse beskik nie. Die beskuldigde het vir drie dae per week geleentheidswerk verrig en R20,00 per dag verdien. Hy het ook genoem dat hy nie weet of sy oom –

wat werkloos was en hom slegs een keer in die gevangenis besoek het – hom kan help om ‘n boete by te bring nie. Die beskuldigde was vir ongeveer drie weke inhegtenis. Na my mening het daardie boete vonnis niks anders as direkte gevangenisstraf vir hierdie beskuldigde beteken nie. Ek is van oordeel dat ‘n algehele opgeskorte vonnis die mees gepaste vonnis is. Indien hierdie saak na die landdros terug verwys word om vonnis op te lê sal dit onbillike vertraging en nadeel tot gevolg hê.

[7] In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:

a) Die skuldigbevinding word bekragtig.

b) Die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende vonnis:

“6 maande gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan oortreding van artikel 4(b) of 5(b) van Wet 140/1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.”

Die dagga word aan die Staat verbeurd verklaar.

**C.J. MUSI, R**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

/em